Liefde tussen die wingerde

Toe *Kelders* se feeks onlangs met haar droomman afhaak, het die ware Rushney en haar Grant se liefde die kollig gesteel

Deur **JOY JANUARY**











HOOFFOTO: Grant Zelie en Rushney Ferguson op hulle troue. BO: Danielle Julius, Ilona Ferguson (die bruid se ma), Rushney en haar suster, Keziah Ferguson. HEEL BO: Die bruid kom by die lokaal aan. REGS HEEL BO: Rushney met haar sonneblomruiker. REGS BO: Haar pa, Shafiek Ferguson, help met haar rok. REGS: Shafiek begelei sy dogter na die kansel.

'DIS SPESIAAL OM TE SIEN HOE 'N REGTE *KELDERS*-LIEFDESVERHAAL BLOM'

OP 'N koue herfsdag in 'n kapel op 'n Bolandse wynlandgoed breek die groot oomblik eindelik aan. Die bruidegom in sy wit troubaadjie en strikdas staan en wag al lank voor 'n groot houtkruis wat met sonneblomme versier is. Aan die onderpunt van die paadjie ➤

NELIS ENGELBRECHT PHOTOGRAPHY











LINKS: Rushney en Grant deel hulle eerste soen as man en vrou voor 75 gaste. REGS: Die bruidegom se ouers, Kelvin en Wendy Zelie, en die bruid se ouers, Shafiek en Ilona Ferguson. ONDER: Die bruidspaar stap uit die kapel – omring deur seepborrels.

BO: "Meneer en mevrou Zelie!" REGS: Rushney en Grant se eerste dans as getroudes was op die maat van Elliot James Reay se weergawe van "I Think They Call This Love". REGS ONDER: Hulle steel nog 'n soen by die bruidstafel wat met sonneblomme versier is.

➤ verskyn die bruid in 'n elegante, skouerlose ontwerperskepping, afgerond met 'n groot strik en 'n dramatiese sleep. Met haar hare opgekam en met klein wit blommetjies vasgesteek, lyk Rushney Ferguson vandag engelagtig.

Ja, dis *Kelders van geheime* se feeks, die vurige Veronique Marais, soos ons haar nog nooit tevore gesien het nie. En nee, dis geen toneel uit die gewilde e.tv-dramareeks wat vandag hier op die Vredenheim-landgoed by Stellenbosch afspeel nie, maar die aktrise Rushney Ferguson (37) en haar bruidegom, Grant Zelie (36), se regte, egte troudag.

Ingehaak by pa Shafiek stap sy met blink oë en 'n breë glimlag die man tegemoet wie se hart sy al met hulle eerste ontmoeting tussen die wingerde van Soebatskloof gesteel het. Want hulle liefdesverhaal het juis begin op daardie ander wynplaas naby Franschhoek waar *Kelders van geheime* verfilm word.

Nou, twee jaar later, op Maandag 27 April, word Grant se droomvrou eindelik sy vir-ewig-vrou.

Toe hy sy bruid sien nader stap – asemrowend mooi in haar trourok – skiet sy



gemoed vol. 'n Traan streep oor Grant se wang, en hy vee dit gou weg.

Die huweliksbevestiger, Symi Sanya, glimlag toe sy van die bruidspaar se eerste afspraak vertel, 'n doodgewone pizza-ete met Creme Soda daarby.

"Dis belangrik om eenvoudige dinge te koester en te respekteer, " sê Symi. "En om te onthou julle's 'n span en dat julle eenheid julle beste wapen is."

Om dié eenheid as getroudes te simboliseer, het Rushney en Grant elk 'n brandende kers in die hand waarmee hulle saam-saam 'n ander kers aansteek.

'EK KYK OP NA WAAR HY STAAN EN DINK NET: DIS 'N MOOI MAN'

Toe Symi hulle amptelik as man en vrou verklaar, soen Grant sy bruid met oorgawe onder luide toejuiging van die 75 gaste.

Onder hulle is talle bekende gesigte, soos die *Kelders*-akteurs Vinette Ebrahim, Brümilda van Rensburg en Dean Balie en sy aktrise-vrou, Bianca Flanders. Die sanger Emo Adams, sy vrou, Michelle, en Karen Meiring, 'n medevervaardiger van *Kelders*, is ook daar.

Oor die ware liefdesverhaal wat op die sepiestel ontvou het, sê Karen: "Liefde vra nie vrae nie!"

En Geon Nel, beter bekend as Tjoppie Marais, beaam: "Dis spesiaal om te sien hoe 'n regte *Kelders*-liefdesverhaal blom."

DIE eerste keer wat Grant sy toekomstigte vrou gesien het, was op sy eerste dag op *Kelders* se wynplaas, waar Rushney en ander akteurs met 'n toneel besig was.

"Ek het deur die wingerde geloer en haar dopgehou. Ek het dadelik gedink sy's ongelooflik mooi, maar dit was haar vriendelikheid wat my opgeval het," vertel hy.

"Ons het 'n toneel geskiet waar die lig op my moes val," onthou Rushney. "Ek kyk op na waar Grant staan en dink net: Dis 'n mooi man. Ek't nie besef ek sê dit hardop nie," lag sy.

Toe laat iemand hoor: "Sy naam is Grant."

Met Rushney wat haar voor die kameras in haar rol as feeks ingeleef het en Grant, 'n elektriese ingenieur wat agter die skerms met die beligting en toerusting besig was, het hulle min kontak op stel gehad.

"Cast en crew meng nie regtig nie," verduidelik Rushney. "Maar mettertyd het ons begin praat."

Nadat sy dit vir twee kollegas in die oor gefluister het dat sy van Grant hou, het hulle uitgevind die gevoel is wederkerig. "Hulle't toe my nommer vir hom gegee."

Grant het nie op hom laat wag nie en haar vir ete genooi. "Ons het eenvoudig by sy huis in Plumstead gesit en gesels tot laat," onthou sy daardie baie besonderse pizza-ete.

Drie dae later, op 27 April 2024, was hulle amptelik 'n paartjie. Vir hulle albei is liefde iets wat hulle nie ligtelik opneem nie omdat hulle al in die verlede seergekry het.

"Ek het eintlik opgegee op liefde," erken Rushney.

"Vir my was dit liefde met die eerste oogopslag," sê Grant.

Met die eerste herdenking van hulle verhouding verlede jaar het hulle die Sondagoggend reggemaak om uit te gaan vir ontbyt.

"Ek het vir Grant gevra of hy eers geskenke wil uitruil voor ons na die eetplek toe gaan. Hy't vir my gesê om kombuis toe te gaan vir my geskenk," vertel Rushney.

Sy't koud gekry en is eers terug kamer toe. "Ek was seker vir 'n paar minute op soek na 'n trui, en my arme Grant moes só lank op een knie wag dat hy later van been moes verander.

"Toe ek uiteindelik by die kombuis kom, sien ek die ring in sy hand. Ons albei het in trane uitgebars."

VANDAG, presies 'n jaar ná hulle verlowing, stap Grant en Rushney as pasgetroudes by die kapel uit terwyl die bruilofsgaste seepbelle blaas en op hulle laat neerreën.

Terwyl die bruidspaar vir hulle troufoto's in die tuin poseer, heers 'n feestelike atmosfeer buite die onthaalsaal waar drie marimbaspelers musiek maak. Kelners dra glase met *Kelders van geheime* se eie Soebatskloofwyne aan, saam met versnaperings soos miniburgers en hoenderhappies.

"Meneer en mevrou Zelie!" kondig die seremoniemeester, Quinton Manuel, ewe dramaties aan toe die paartjie hand aan hand die saal binne kom op maat van Etta James se "At Last!".

Die bruid se pa is eerste aan die woord. "Ons verwelkom Grant met liefde in ons familie. Verdra net ons loudness, madness en soms ons stryery. Dis normaal!" sê Shafiek en lag.

"Rushney is 'n ongelooflike vrou," sê die bruidegom se pa, Kelvin Zelie. "Sy's die dogter wat ek nooit gehad het nie."

Uit die rigting van die kostafels kom geure aangedryf wat die mond laat water.

Op die spyskaart is geroosterde lam of lynvis, pampoenpoffertjies, geroosterde groente, braaiaartappels en geelrys. Sjokolade-panna cotta, suurlemoentert en gesoute karamelkaaskoek rond die feesmaal af.

Grant en Rushney se eerste dans as getroudes is op die maat van Elliot James Reay se weergawe van "I Think They Call This Love".

Die wittebrood sal tot Desember moet wag, maar intussen maak die twee planne vir hulle toekoms saam, ook wat hulle loopbane betref.

Wanneer *Kelders van geheime* in Junie van ons skerms af verdwyn, wil Rushney haar op 'n sangloopbaan toespits.

"Ek wou nog altyd my eie musiek bekendstel," verklap die veelsydige aktrise en sangeres wat die afgelope paar jare haar eie liedjies skryf.

Grant wil met 'n onderneming in die daggabedryf begin.

Dan is daar nog sy en Rushney se "gedeelde droom" – om oor 'n jaar of wat hulle eersteling in hulle lewens te verwelkom. ❑









BO: Saam met die seremoniemeester, Quinton Manuels. REGS BO: Karen Meiring, Darryl Fuchs, Brümilda van Rensburg, Grant, Vinette Ebrahim, Rushney, Theltom Masimila en Geon Nel. REGS: Emo Adams en sy vrou, Michelle. LINKS ONDER: 'n Romantiese oomblik onder die bome. REGS ONDER: Die glasies word geklink.



DIE BRUIDSPAAR BEDANK: TROUROK: MILI JO DESIGNS DEUR MICHEL HENRY; PAKKE VIR BRUIDEGOM, STROOIJONKER, BRUID EN BRUIDEGOM SE PA'S EN BRUID SE SWAER: SMART MEN SUIT HIRE; SKOONHEIDSBEHANDELINGS EN NAELS: BEAUTY INC; HARE: SAADIQAH ADAMS; GRIMERING: ANDREA ABSALOM; DEKOR EN BLOMME: JULIUS FLORA; SKRYFBEHOEFTES: CANVAS GALORE; FOTO'S: NELIS ENGELBRECHT; VIDEO'S: MIKE & CHARLOTTE HARE; INHOUDSKEPPER VIR SOSIALE MEDIA: JEANNE-MARI VIVIERS; SEREMONIEMEESTER: QUINTON MANUELS; KLANK: THE NEX-CONCEPT; PLATEJOGGIE: SHANE LANGDON; WYNE: KFILMS – KAREN MEIRING & THELTOM MASIMILA (SOEBATSKLOOFWYNE)